Pretoria-Oos Voetslaanklub

Waar Mense Omgee

Gedragskode

Ons Missie

As kinders van die Here het ons die voorreg om saam met ander die natuur te geniet en aanvaar ons mede-verantwoordelikheid om ons natuurlike erfenis te beskerm en te bewaar.

Ons Klub-Teksvers

'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.
Psalm 16 vers 6

My Voorneme

- Ek sal goeie Christelike gedrag nastreef en dit vir ander 'n voorreg en plesier maak om saam met my voet te slaan.
- Ek sal my volle samewerking gee aan toerleiers en persone wat voetslaanpaaie beheer.
- Ek sal hulpvaardig optree, veral wanneer iemand anders probleme ervaar.
- Ek sal nie vir ander stappers enige alkoholiese drank of enige ander gewoontevormende middels tydens staptoere, kampe en ander funksies of eetplekke aanbied nie. Die oormatige gebruik van alkoholiese drank en gewoontevormende middels sal nie toegelaat word nie.
- Ek besef dat die dra van 'n vuurwapen op die meeste roetes verbode is.
- Voordat 'n stap begin sal ek inligting omtrent die roete en die program wat gevolg gaan word by die verantwoordelike persoon laat.
- Ek sal myself van die toepaslike reëls en regulasies vergewis en dit gehoorsaam.
- Ek sal nooit alleen stap nie en ook nie van die groep afdwaal nie.
- Ek sal altyd 'n noodrantsoen en fluitjie saamdra.
- Ek sal grenslyne op voetslaanroetes respekteer.
- Ek sal hekke en deure oop of toe laat soos ek dit aangetref het.
- Ek sal geen geboue, heinings, hekke, pale en so meer beskadig of ontsier nie.
- Ek sal beide privaat- en openbare eiendom respekteer en dit slegs met die nodige toestemming betree.
- Ek sal nie wilde diere voer of versteur nie.
- Ek sal niks doen wat myself of ander in gevaar stel nie.
- Ek sal akkommodasiegeriewe, meubels, kooktoerusting en so meer met respek hanteer en alles skoon en netjies agterlaat.
- Ek sal my voertuig slegs op paaie waar dit toegelaat word bestuur en slegs op die aangewese plekke parkeer.
- Ek sal myself daarvan weerhou om name, woorde of ander tekens op bome, rotse of geboue aan te bring.
- Ek sal slegs op aangeduide en veilige plekke vuurmaak en die vure weer heeltemal blus.
- Ek sal rommel met my saamdra tot by 'n weggooipunt.
- Ek gaan bydra om die omgewing te bewaar en sal ander aanmoedig om dieselfde te doen.
- Ek sal plante en blomme toelaat om op die plek waar hulle groei te bly aangesien hulle daar op hul mooiste vertoon.
- Ek sal riviere, damme en ander waterbronne skoon en vry van seep en ander skadelike middels hou.
- Ter wille daarvan om die ekologie so min as moontlik te versteur, sal ek op voetpaaie hou en slegs op geskikte plekke kampeer.
- Ek sal nie klippe of ander voorwerpe in damme, teen skuinstes of by kranse afgooi nie.
- Ek sal geologiese, argeologiese en ander historiese materiaal laat soos wat ek dit aantref.
- Ek sal nie onnodig raas of ander mense steur deur byvoorbeeld die speel van 'n radio nie.
- Ek sal poog om altyd betyds vir afsprake en by vertrekpunte te wees.
- Ek onderneem om die voorgaande na die beste van my vermoë na te kom.

Ek sal die gedragskode op 'n gerieflike plek hou om myself voortdurend aan my voornemens te herinner.

Ek besef dat my lidmaatskap van die Pretoria-Oos Voetslaanklub onder andere op grond van my aanvaarding van bostaande gedragskode toegestaan word.

Kommitee

Jaco van der Merwe (Voorsitter), Lizelle Strydom (Onder Voorsitter), Leyda van Dijk (Lid), Denise Carelse (Lid)